

Wat 'n fees!

Dikwels beskryf mense 'n geselligheid met die woorde: "Dit was nou vir jou 'n fees!" Min mense besef egter hoe 'n belangrike rol feeste in die mens se lewe en in die samelewing speel.

Derduisende mense gaan jaarliks vir 'n paar dae Potchefstroom toe om Aardklop by te woon. Aardklop is, soos sy ouer broer, die Klein Karoo Nasionale Kunstefees in Oudtshoorn, reeds baie bekend. Suid-Afrikaners het baie feesbewus geraak en oral in Suid-Afrika word daar nou die een fees na die ander gehou.

Nuwejaar word in die meeste lande van die wêreld gevier. Gewoonlik begin die feesvieringe al op Oujaarsaand. Die mense hou partytjie en sing en dans. Om middernag word daar ook gewoonlik vuurwerke afgeskiet. Nuwejaar in Kaapstad is baie spesiaal. Dit is die tyd wanneer die Kaapse Klopse optogte deur die strate hou. Hierdie karnaval begin reeds op Oujaarsaand en hou aan tot die tweede Januarie. Elke karnavalgroep word 'n Klopse-troep genoem. Terwyl hierdie troepe deur die strate marsjeer, sing en dans hulle. Die Klopse dra kleurvolle kostuums wat spesiaal deur kleremakers gemaak word. Elke jaar word daar nuwe kostuums gemaak. Die kostuums bestaan uit 'n langbroek en 'n baadjie. Daarby dra hulle kenmerkende hoedjies. Die meeste van die Kaapse Klope hou ook 'n helderleurige sambreel in die hand. Ander maak hul gesigte kleurvol en gebruik selfs blinkers.

Dan is die belangrikste feeste in die lewe van 'n mens nog nie genoem nie. Die feeste wat die mylpale van 'n gewone lewe is. Geboortes, verjaardae, huweliksfeeste, doopplegtighede en herdenkingsfeeste.

Dan is daar natuurlik ook Kersfees wat deur elke Christen gevier word. Ongelukkig draai Kersfees vir baie mense slegs om geskenke en familie byeenkomste. 'n Mens kan amper sê dat Kersfees in 'n kommersiële fees verander het. Hoe groter die geskenk, hoe meer vreugde verskaf dit! Daar word om die vuur gesels, terwyl 'n ribbetjie op die kole braai. Is dit werklik waarvoor Kersfees gaan?

Rubriek

Vloeiend lees & pousering:	1	2	3	4	5
Beklemtoning & stembuiging:	1	2	3	4	5
Uitspraak & hoorbaarheid:	1	2	3	4	5

/15

Totaal: 15

Wat klop so?

Suzi lê in haar bed met die laken styf onder haar ken opgetrek. Sy kan nie slaap nie. Elke keer as sy haar oë toemaak, hoor sy dit. Klop-klop teen die venster. Net sodra sy dink dat dit net haar verbeelding is, hoor sy dit weer: Klop-klop, klop-klop! Hierdie keer teen die plafon. Suzi spring op, storm by die deur uit, af in die gang, en spring sonder om te klop by haar ma in die bed.

“Ek’s bang. Daar is iemand wat aan my venster klop. Nie net klop hy aan my venter nie, maar ook aan my plafon.”

Haar ma trek haar nader en hou haar vas. “Dis net die wind, my kind,” stel haar ma haar gerus. “Die wind wil jou nie bang maak nie; hy wil net gesels. Hy wil jou vertel hoe hy die wolke weggewaai het. Nie net waai hy die wolke weg nie, maar hy bring ook reënwolke.”

“Maar Mamma, dan is die wind mos eintlik ons vriend. Hy skenk ons dan reën. Wat doen die wind nog, Mamma?”

Die wind is baie besig. Hy maak seker daar is golwe op die see en dat warm plekke kan afkoel. Die wind maak ook seker dat bome se blare afval, sodat nuwe blare weer in die lente kan groei. Die sade van blomme word ook deur die wind versprei.”

Suzi gee haar ma ’n drukkies en loop terug na haar kamer toe. Sy klim in die bed, trek die laken tot onder haar ken, maak haar oë toe en sê: “Lekker slaap, meneer Wind. Jy kan maar weer aan my venster kom klop.”

- | | | |
|---|---|-----------|
| 1 | Dui aan waar ons van <u>personifikasie</u> gebruik maak. Bespreek. | /1 |
| 2 | Wie is die <u>hoofkarakter</u> in hierdie verhaal? | /1 |
| 3 | Vind <u>karakterontwikkeling</u> by die hoofkarakter plaas? Bespreek. | /1 |
| 4 | Bespreek die <u>ruimte</u> . | /1 |
| 5 | Wat is die <u>hoofgedagte</u> van hierdie teks? | /1 |
| | | /5 |

EN

Bespreek die voor- en nadele van die wind. /10

Rubriek

Inhoud, onderwerpgebonde & vloeiend praat:	1	2	3	4	5
Hoorbaar, beklemtoning & stembuiging:	1	2	3	4	5

Groot totaal: 15 /15

1 Instruksieteks: Bou 'n muur

Instruksie

Die bou 'n muur

Benodigdhede

- Graaf
- Vislyn
- Spykers
- Hamer
- Sement
- Bousand
- Water
- Troffel

Instruksies

- 1 Plaas die vislyn om die spykers.
 - 2 Slaan die spykers met die hamer in die grond.
 - 3 Grawe met die graaf 'n fondasie al langs die vislyn.
 - 4 Meng die bousand en sement met water.
 - 5 Skep die nat sement met die troffel op en gooi die sement in die fondasie.
 - 6 Pak die eerste ry stene op die nat sement.
 - 7 Skep die nat sement weer met die troffel op en gooi die sement op die eerste laag stene.
 - 8 Herhaal hierdie proses totdat jy die gewenste hoogte van die muur bereik het.
-
- 1.1 Verskaf die rede waarom die fondasie al langs die vislyn wat met spykers aan weerskante van die vislyn vasgekap is, gegrawe word. (1)
 - 1.2 Reken jy dat hierdie instruksieteks geloofwaardig is? Verskaf die rede vir jou antwoord. (1)
 - 1.3 Verskaf die rede waarom instruksies 4 & 5 nie omgeruil kan word nie. (1)
 - 1.4 Verskaf die rede waarom ons die bostaande teks as 'n instruksieteks kan sien. (1)
 - 1.5 Verskaf slegs EEN rede waarom ons 'n muur reg rondom ons huis sal bou. (1)

Totaal: 5

2 Die informatiewe teks: Plastiek – plesier of plaag?

Plastiek het baie gebruike in ons daaglikse lewe. Dit is eers wanneer ons verstaan wat plastiek is dat ons beseft waarom dit noodsaaklik is om soveel as moontlik plastiekprodukte te herwin.

Voordele van herwinning

Die herwinning van plastiek spaar geweldig baie energie en verminder lug- en omgewingsbesoedeling. Wanneer nuwe produkte uit herwonne plastiek gemaak word, word twee derdes minder energie gebruik as wanneer dit van rou grondstowwe gemaak word. Elke ton herwonne plastiek is gelyk aan die grootte van julle klaskamer.

Wees goed vir Moeder Aarde

Duisende plastiekbottels word daaglik weggegooi, om van plastieksakke nie eers te praat nie. Kyk maar hoe lyk dit langs ons paaie, in riviere, in die see en ook in die veld van al die plastieksakke.

Wat doen ons daaraan?

'n Paar jaar gelede het alle groot supermarkgroepe begin om sterker plastieksakke te verskaf vir inkopies, sodat dit weer en weer gebruik kan word. Kliënte moet nou vir elke sak betaal. Op hierdie manier hoop hulle om die hoeveelheid plastieksakke in omloop te verminder. Mense kan ook spesiaal gemaakte inkopiesakke van natuurlike vesel koop. Munisipaliteite is besig met 'n groot herwinningsveldtog om mense so ver te kry om glas, papier en plastiek apart te hou van afbreekbare vullis.

- 2.1 Noem op TWEE plek waar plastieksakke kan rondlê. (2)
- 2.2 Watter voordeel hou dit vir die mens en die omgewing in dat plasieksakke by die supermarkte gekoop moet word? Bespreek. (1)
- 2.3 Hoe hou die inhoud van die teks verband met die opskrif? (2)
- 2.4 Waarom reken jy poog die munisipaliteite om glas, papier en plastiek apart te hou van afbreekbare vullis? (1)

Totaal: 6

3 **Verslag: Oorsake vir oorgewig kinders**

Gemorskos, hoog in stysel, suiker en vet, is deur die GSK-studie uitgesonder as die grootste sondaar wat tot vetsug lei. Sowat 5% van plaaslike seuns en 'n volle 25% van meisies is oorgewig.

Talle navorsing het boonop gewys: as die ouers oorgewig is, is die kinders ook. Voeg hierby kinders se gebrek aan oefening. Selfone, TV en rekenaars is hul gunsteling-manier van ontspan. Vir baie is die LO-periode by die skool die enigste oefening wat hulle in 'n week kry.

Kinders bestee sowat 30% van hulle tyd voor die TV en rekenaar, wys die plaaslike *Healthy Active Kids Report Card*, 2010. Dit wys ook dat net 42% van ons jeug oefening kry.

- 3.1 Lees paragraaf 1. Tot watter gevolgtrekking kom jy? (1)
- 3.2 Wat is die hoofgedagte van hierdie verslag? (2)
- 3.3 Hoe weet ons dat die minderheid van die jeug volgens navorsing in 2010, oefening kry? (1)

Totaal: 4

4 **Mite: Icarus se vlerke**

Op die eiland Kreta, naby Griekeland, het 'n baie slim man, Daedalus, en sy seun, Icarus, gewoon. Die koning van Kreta het egter niks van Daedalus gehou nie – juis omdat hy so slim was. Hy besluit eendag om Daedalus en sy seun te laat opsluit.

Toe Icarus een oggend wakker word, sien hy dat sy pa twee pare vlerke gemaak het, sodat hulle kan ontsnap. Sy pa heg met kerswas die een paar aan Icarus vas en daarna die ander paar aan homself. Icarus raak nou baie opgewonde. “Ek gaan hoër vlieg as wat enige voël nog ooit gevlieg het,” sê hy opgewonde. Maar sy pa waarsku hom: “Nee, my seun, jy moenie. As jy te naby aan die son kom, gaan die was smelt en dan val jou vlerke af.”

Icarus wou egter nie luister nie. Hy vlieg hoër en hoër en nog hoër. Toe gebeur dit. Icarus voel hoe sy vlerke losgaan en hoe hy val en val ...

- 4.1 Bespreek die probleme en probleemoplossings in die bostaande mite. (2)
- 4.2 Watter morele les kan ons uit die bostaande mite leer? Noem slegs EEN. (1)
- 4.3 Oor watter slegte karaktereienskap het die koning van Kreta beskik? (1)
- 4.4 Waar bereik hierdie mite sy klimaks? (1)
- 4.5 Watter effek word verkry deur die herhaling van die woord “hoër” in die onderstaande sin?
Hy vlieg hoër en hoër en nog hoër. (1)

Totaal: 6

5 Die gedig: Troeteldiere

Die diere wat ek aanhou,
laat ander mense gril –
almal is maar skrikkerig,
vir my troetelkrokodil.

Die erdvark in ons voortuin
laat die bure vreeslik kla.
Hul sê hy lok die vlieë
wat ons elke dag so pla.

My renoster jaag die karre
voor ons hek verby –
dit is hoekom almal hier
die spoedperk ver oorskry.
My muishond is die ergste –
hy maak almal baie kwaad.
Dis wel 'n goeie buurt dié
maar dis ook die stinkste straat!

- 5.1 Watter effek verkry ons deurdat “troetelkrokodil” met “gril” rym? (1)
- 5.2 Watter emosie ervaar die motorbestuurders wat verby die huis jaag? (1)
- 5.3 Watter vorm van beeldspraak tref ons in die laaste 2 versreëls van die tweede strofe aan? (1)
- 5.4 Skryf enige twee woorde in strofe 2 neer waar ons eindrym aantref. (1)

Totaal: 4

GROOT TOTAAL: 25

Dinsdag, 20 Desember, 2011

- 1 Sjoe, ek is so opgewonde! Ek en Sipho het vandag gehoor ons is albei 1
aanvaar by die Skool vir Blindes in Worcester. Dis in die Wes-Kaap. 2
Mamma sê vir ons sy gaan vreeslik na ons verlang, maar ek kan nie wag 3
om te gaan nie. Die skool waarin ons nou is, is OK, maar ek het al die 4
boeke in die biblioteek met skrif wat groot genoeg is vir my om te kan 5
lees, al 'n paar keer gelees. Die skoolhoof het vir my ouers gesê dat daar 6
ook aktiwiteite is waaraan kinders wat nie kan sien nie, kan deelneem. 7
Ek hou baie daarvan om sokker te speel, al wil die kinders in ons 8
skool nie altyd hê dat ek moet saamspeel nie. 9

Maandag, 16 Januarie 2012

- 2 Ons is nou al 'n week in ons nuwe skool in Worcester. Tot dusver vind 10
ons dit nog heel aangenaam. Die kinders is gaaf en help ons om die 11
skool te leer ken. Ons begin môre met klasse. Ek wonder of die 12
onderwysers gaaf is. 13

- 3 Met my eerste skooldag kon jy vir my deur 'n ring trek. 14

- 1 **Gee die homofoon vir die onderstreepte woord in reël 6 en maak (1)
dan 'n sin met hierdie homofoon.**

- 2 **Maak 'n sin met die homoniem van die onderstreepte woord in (1)
reël 11.**

- 3 **Gee die basiswoord vir die onderstreepte woord in reël 12. (1)**

- 4 **Skryf die samestelling in reël 6 neer. (1)**

- 5 **Skryf die bywoord in reël 12 neer. (1)**

- 6 **Wat beteken die idoom in reël 14. (1)**

- 7 **Gee die sinioniem vir die onderstreepte woord in reël 13. (1)**

- 8 **Gee die antoniem vir die onderstreepte woord in reël 14. (1)**

- 9 **Gee die meervoud vir die onderstreepte woord in reël 4. (1)**

- 10 **Gee die verkleinwoord vir die onderstreepte woord in reël 5. (1)**

- 11 **Skryf reëls 6&7 op jou antwoordstel, maar vervang die byvoeglike (1)
sinsnede met die byvoeglike naamwoord.**

- 12 **Skryf reëls 8&9 in die verlede tyd. (1)**

- 13 **Skryf die uitroepsin in paragraaf 1 neer. (1)**

- 14 **Skryf die onderstreepte sin in reël 2 oor as 'n vraagsin. (1)**

- 15 **Vervang die onderstreepte woorde in reël 1 met die korrekte (1)
persoonlike voornaamwoord.**

Totaal: 15

Vraestel 3**Skryf**

Skryf 'n legende van 120-140 woorde oor EEN van die onderstaande onderwerpe:

Mier wil Hond se kos eet, maar ...

Toe is Jakkals nooit so slim soos hy gedink het hy is nie.

Vader Tyd leer die selfsugtige koningin 'n dure les.

Wind wys Wolk wie is baas.

Die wrede koning sonder onderdane.

Weerlig wen vir Donderweer.

Rubriek

Inhoud & onderwerpgebonde:	1	2	3	4	5
Inleidende- en slotparagraaf:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, idiome, woordeskat & spelling:	1	2	3	4	5
Beplanning, paragrafering & skryfstyl:	1	2	3	4	5

Totaal: 20 /20

EN

Skryf 'n dagboekinskrywing van 80-100 waarin jy meer van die maand wat jy in die tronk moes deurbring, vertel.

Rubriek

Inhoud, onderwerpgebonde & uitleg:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, idiome, woordeskat & spelling:	1	2	3	4	5

Totaal: 10 /10

Of

Skryf 'n verslag van 80-100 woorde oor EEN van die onderstaande:

Die Krugerwildtuin/ Kaapstad, een van Suid-Afrika se grootse toeriste-aantreklikhede.

Rubriek

Inhoud, onderwerpgebonde & bespreking:	1	2	3	4	5
Taalgebruik, spelling & punktuasie:	1	2	3	4	5

Totaal: 10 /10

GROOT TOTAAL: 30 /30

- 1.1 Die wind wil jou nie bang maak nie, hy wil net met jou gesels.
Slegs twee persone kan met mekaar gesels. /
Nie net waai hy die wolke weg nie, maar hy bring ook reënwolke.
Slegs 'n persoon kan iets vir iemand bring.
Hy skenk ons dan reën.
Slegs iemand kan vir iemand anders iets skenk. /
Jy kan maar weer aan my venster kom klop.
Slegs iemand kan aan 'n venster klop.
- Menslike eienskappe word in al die bostaande gevalle aan die wind toevertrou. (1)
- 1.2 Suzi is die hoofkarakter. (1)
- 1.3 Ja, karakterontwikkeling vind wel hier plaas.
Aanvanklik was Suzi bang, maar het meer gerus gevoel, nadat haar ma haar meegedeel het dat ons die wind eerder as ons vriend moet beskou. (1)
- 1.4 In haar bed in haar slaapkamer. / In haar ma se bed in haar slaapkamer. /
Buite. (1)
- 1.5 Die wind hou baie voordele vir die mens in. (1)

Memorandum

September 2020

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

1 Instruksieteks

- 1.1 Om te verhoed dat die muur skeef gebou word. (1)
- 1.2 Ja, dis geloofwaardig, aangesien verskillende instruksies gevolg moet word om 'n muur te bou. **(Enige verdere aanvaarbare antwoord.)** (1)
- 1.3 Sement moet eers met bousand en water gemeng word, alvorens die nat sement in die fondasie gegooi kan word. 'n Muur kan nie met droë sement gebou word nie. / Nat sement kan nie verkry word, alvorens droë sement nie eers met bousand en water gemeng is nie. (1)
- 1.4 Verskeie instruksies moet chronologies gevolg word om 'n muur te bou. (1)
- 1.5 Vir privaatheid. **(Enige verdere aanvaarbare antwoord.)** (1)

Totaal: 5

2 Informatiewe teks

- 2.1 Langs die paaie. / In die see. / In riviere. / In die veld. **(Slegs TWEE.)**
(Enige TWEE verdere aanvaarbare antwoorde.) (2)
- 2.2 As 'n mens die plastieksakke moet koop, sal jy dit eerder bêre om weer te gebruik, aangesien jy nie weer nuwe sakke wil koop om net daarna weer weg te gooi nie. (1)
- 2.3.1 Plesier – Minder lug- en omgewingbesoedeling vind plaas by die herwinning van plastiekprodukte.
- 2.3.2 Plaag – Plastiekprodukte soos plastieksakke en –bottels kan in die veld, langs ons paaie, in riviere en in die see aangetref word. (2)
- 2.5 Aangesien plastiek, glas en papier weer herwin kan word en sodoende 'n skoner omgewing tot gevolg het. (1)

Totaal: 6

3 Die verslag

- 3.1 Baie kinders in Suid-Afrika is oorgewig, aangesien hulle te veel gemorskos eet. / Gemorskos is die grootste oorsaak waarom party mense so vet is. (1)
- 3.2 Baie kinders is vet / oorgewig, aangesien hulle te veel gemorskos eet en te min oefening kry. (2)
- 3.3 Aangesien net 42% van die jeug oefening kry, terwyl 58% geen oefening kry nie. / Die groep wat nie oefening kry, is 16% meer as die groep wat wel oefening kry. (1)

Totaal: 4

Memorandum

September 2020

Vraestel 2

Afdeling A

Leesbegrip

4 **Die mite**

- 4.1 **Probleem:** Die koning van Kreta het nie van Daedalus gehou nie, aangesien hy so slim was.
Probleemoplossing: Die koning laat Daedalus en sy seun in die tronk opsluit.
Probleem: Daedalus wil ontsnap.
Probleemoplossing: Daedalus maak vir hom en sy seun vlerke om weg te vlieg. (2)
- 4.2 Dat ons nie jaloers moet wees nie. /
Dat ons nie ongehoorsaam moet wees nie. (1)
- 4.3 Hy was jaloers. (1)
- 4.4 Icarus voel hoe sy vlerke losgaan. (1)
- 4.5 Die effek van opwaartse beweging. (1)

Totaal: 6

5 **Gedig**

- 5.1 Die effek van grillerigheid. (1)
- 5.2 Hulle ervaar die emosie van vrees. (1)
- 5.3 Alliterasie. (1)
- 5.4 Verby – oorskry / kwaad – straat (1)

Totaal: 4

GROOT TOTAAL: 25

Taalstrukture en –konvensies

- 1 Die onderwyser keur die stout seun se gedrag nie goed nie. (1)
- 2 Nadat die koppie geval het, was dit nie meer heel nie, maar wel stukkend. (1)
- 3 Die basiswoord vir “klasse” is klas. (1)
- 4 Die samestelling is skoolhoof. (1)
- 5 Die bywoord is môre. (1)
- 6 Met my eerste skooldag was ek netjies aangetrek. (1)
- 7 Die sinoniem vir “gaaf” is vriendelik. (1)
- 8 Die antoniem vir “eerste” is laaste. (1)
- 9 Die meervoud vir “skool” is skole. (1)
- 10 Die verkleinwoord vir “biblioteek” is bibliotekie. (1)
- 11 Die skoolhoof het vir my ouers gesê dat daar ook aktiwiteite is waaraan blinde kinders kan deelneem. (1)
- 12 Ek het baie daarvan gehou om sokker te speel, al wou die kinders in ons skool nie altyd hê dat ek moes saamspeel nie. (1)
- 13 Sjoe, ek is so opgewonde! (1)
- 14 Is dit in die Wes-Kaap? (1)
- 15 Ons het vandag gehoor ons is albei aanvaar by die Skool vir Blindes in Worcester. (1)

Totaal: 15

Naslaanbronne

Vraestel 1

Wat 'n fees!

Afdeling A

Almal Verstaan Afrikaans
R. Ferreira & M. van den Heever

Hardoplees

Vraestel 1

Wat klop so!

Afdeling B

Platinum Afrikaans Huistaal
J. Biesenbach, A. Engelbrecht, C. Henning,
L. Hofmeyr, J. Hugo, W. Louw, M. Mihai,
R. van Oort, R. van Rooy

Luister en praat

Vraestel 2

Informatiewe teks

Plastiek – Plesier of plaag?

Afdeling A

Almal Verstaan Afrikaans
R. Ferreira, M. van den Heever

Begriplees

Verslag

Oorsake vir oorgewig kinders

Almal Verstaan Afrikaans
R. Ferreira, M. van den Heever

Mite

Icarus se vlerke

Platinum Afrikaans Huistaal
J. Biesenbach, A. Engelbrecht, C. Henning
L. Hofmeyr, J. Hugo, W. Louw, M. Mihai
R. van Oort, R. van Rooy

Gedig

Troeteldiere

Platinum Afrikaans Huistaal
J. Biesenbach, A. Engelbrecht, C. Henning
L. Hofmeyr, J. Hugo, W. Louw, M. Mihai
R. van Oort, R. van Rooy

Almal Verstaan Afrikaans
R. Ferreira, M. van den Heever

Vraestel 2

Dagboek

Sofia se dagboek

Afdeling B

Almal Verstaan Afrikaans
R. Ferreira, M. van den Heever

Taal